


Laesgenoemde word weer verder onderverdeel in sek-sies en subseksies. Vir die bonsaikweker is hier-die indeling egter nie van belang nie en word die volgende eenvoudige groepering voorgestel:



Die groepe gemerk * sal moontlik die geskikte wees om te bonsai en sluit soorte in soos F. cordata, F. ingens, F. glumosa, F. tettensis en die F. natalensis-kompleks.

BESTUIWINGSBIOLOGIE

Elke Wildevyespesie word deur 'n bepaalde soort wesp bestuif. Omdat die wesp-vy verhouding spesie-spesifiek is, spreek dit vanself dat Wildevye nie buite hulle natuurlike verspreidingsgebied geslag-telik sal kan voortplant nie. Vye is eenhuysig en protandries. Die binnekant van die siklonuim is uitgevoer met 'n groot aantal vroulike blomme met variërende stylleengtes en manlike blomme wat by die meeste soorte in die omgewing van die ostiole gerangskik lê. Tydens die ontwikkeling van die siklonuims word die verskillende fases onderskei en vind verskillende gebeurtenisse plaas wat by F. sycomorus kortliks soos volg verloop:

Fase A (15 dae)

Die siklonuim groei; die ostiool is toe.

Fase B (5 dae)

Die ostiool gaan oop, vroulike blomme is gereed vir bestuiwing; wespe gaan binne en bestuif lang-

stylblomme terwyl eiers in kortstylblomme gele word (galblomme).

Fase C (3 weke)

Die wespe ontwikkel in die galblomme; bykans geen groei van die siklonuim vind plaas nie.

Fase D (3 dae)

Manlike blomme word volwasse en produseer stuif-meel; manlike wespe verlaat die galle waarin hulle ontwikkel het en bevrug die wyfies wat steeds in galle voorkom; mannetjies vreet openings deur die siklonuimwand in die ostiollêre gebied; wespewyfies verlaat die galle waarin hulle ontwikkel het en via die openinge wat die mannetjies net voor bevrugting gemaak het; wyfies versamel stuifmeel en verlaat die siklonuim deur die openinge wat deur die mannetjies gemaak is; wyfies word deur feromone na ander vrugte op ander plante van dieselfde soort wat in fase B verkeer, gelok.

Fase E (5 dae)

Die vrug vergroot, word sag, sappig en geel; saad ontwikkel uit langstylblomme; vrug val uiteindelik af en word gevreet.

DIE FICUS NATALENSIS-KOMPLEKS

Die identifisering van die meeste vyespesies be-hoort geen probleme op te lewer nie. Vir meeste plantkundiges lewer die identifisering van F. natalensis, F. thonningii, F. craterostoma en F. burt-davyi soms probleme, veral in die steriele toestand. Fertiele materiaal kan maklik van mekaar onderskei word deurdat die siklonuims van F. na-talensis en F. craterostoma haarloos is terwyl die van F. thonningii digbehaard is. F. craterostoma word weer van F. natalensis onderskei deur die gesteelde vrugte van F. natalensis terwyl F. craterostoma sittend is. Die vrugte van F. thon-niingii mag sittend of gesteelde wees.